

Woensdag 26 Mei

Skrifgedeelte: Jeremia 46:1-28

Fokusgedeelte: Jeremia 46:27-28 (1983-vertaling)

Die Here regeer oor wêreldpolitiek

Egipte was weer 'n bedreiging vir Israel. Ná die uittog destyds onder leiding van Moses is die mag van Egipte finaal gebreek. In die tyd van Jeremia probeer Egipte weer opstaan om sy verlore glorie te herwin. Telkens as hulle weer probeer, stuit God hulle in hulle spore. Egipte sal nooit weer herstel nie!

Jeremia, wat saam met die ballinge in Egipte skuil (op die eiland Elephantine), sien net die donker kant van die opkoms van die Egiptiese Ryk. Hy sien hoe hard die Here hulle gaan neerwerp deur die mag uit die noorde, die koning van Babel (vs 26). Op toere in Egipte sien mens eintlik net oorblyfsels en opgrawings van die die glorieryke verlede van Egipteland en sy faraos. Die eiland Elephantine is byvoorbeeld verlate en leeg soos in hierdie profesie voorspel!

Die Here is die ware Koning in beheer van die politiek van die nasies. Nebukadneser mag met die berg Tabor en Karmel vergelyk vergelyk word (vs 18), en hulle sal Egipte verslaan en uitroei, maar dit is alles soos God bepaal het. Ook van Babel sal niks oorbly nie!

In die gewoel van ons wêreldpolitiek vandag hoor die kerk, soos Israel destyds: "Moenie bang wees nie" (27, 28). God is groter as die opkoms van die wêreldmagte. Die ware Koning is Hy wat sou kom, die Messias. Ons weet vandag dat Hy reeds verskyn het en die bose magte van die wêreld gewys Wie eintlik regeer! Daar mag nog verskeie politieke dramas in ons afspeel, maar dit is alles net die vóórspel tot die groot en deurlugtige dag van die weerkoms van ons ewige Koning, die Here Jesus Christus. Vir Hom is die nasies soos 'n stoffie aan die weegskaal. Hy sal met die vyande van God en sy kinders afreken.

Dit kan ons maar heelhartig glo, al lyk die wêreldbedreigings nog hoe groot. Christus kom en sal die nasies se mag verslaan en Hy sal vir ewig op sy troon regeer, en ons saam met Hom.

Sing: Psalm 99-1:1

Ds. M van Helden (Maarten) (Centurion)